# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 2 | Augustus 1995 | Vol. 7


# DIE KONINGSWEG

## Die nuwe Suid-Afrika

Stadig maar seker begin die nuwe werklikheid tot almal deurdring. Sake het onherroeplik verander. Een van die opvallendste nuwighede is dat besluite nie meer altyd aan die hand van God se Woord geneem word nie, maar aan die hand van die meeste mense se woord, dit wil sê, deelnemende demokrasie met menseregte as basis. Hoe moet die gelowige in hierdie omstandighede optree? Hoe leef mens gereformeerd in die nuwe Suid-Afrika? Verskillende menings is volop, maar min oplossings word aan die hand gedoen.

## Onttrekking?

Een groep probeer om die minste skade te ly en ook om die minste invloed op die nuwe situasie uit te oefen. Die uitgangspunt is: "Ons het dit nie veroorsaak nie en bly so ver as moontlik van alles af." Weens 'n opregte vrees vir afgodery en godsdiensvermenging word eerder niks gedoen nie as om op een of ander manier betrokke te raak. Daar word agter heinings teruggetrek, soos kerk en skool. Daar word 'n wag-en-kyk houding ingeneem met die hartewens dat alles inmekaar stort, om daarna met trots verwytend te sê: Ons hande is skoon, en ons het dit mos voorspel.

Afgesien van die opregte vrese vir afgodery en dergelike sake, is so 'n uitgangspunt tog moedswillig. Dit is nie gereformeerd nie. Dis maar net 'n gerieflike manier om verantwoording voor God te ontduik. God sê nie dat 'n mens se optrede uitsluitlik bepaal moet word deur die vraag of jy verantwoordelik vir iets was of nie. Wanneer sou die gelowige dan ooit in die wêreld iets doen? God vereis van sy kinders om alles met die geloof aan te pak. Ook die geloof in die opstanding van Jesus Christus. Om die wêreld aan sy eie lot oor te laat is nie te rym met ons opstandingsgeloof nie. Die wêreld het nood aan die vernuwende werking van die Heilige Gees, en God gebruik die gelowiges juis daarvoor. Die wêreld moet ook die profetiese oordele van God nou al hoor. Om niks te doen nie, is onverantwoordelik teenoor God wat met ons 'n verbond gesluit het, en teenoor ons naaste, vir wie God ons beveel om lief te hê weens ons redding in Christus.

Daar moet gewaak word dat ons wel die dinge waarop dit aankom, reg onderskei. Die Skrifbeginsel van God se koningskap oor alles sal weer opnuut raakgesien en uitgeleef moet word. Te lank is sake wat nie beginsels is nie, verhef tot beginsels. Te lank word ideologiese vermenging met die evangelie geduld. Daar moet ook bekering intree oor onderliggende hoogmoedigheid, soos om te sê: ons is onskuldig en los julle maar die gemors op. Dit is 'n wanhoopskreet. Dit is ongeloof. Dit is ongereformeerd om op die manier die koningskap van Jesus Christus oor sy skepping te (help) ontken.

***In hierdie uitgawe:***


- ⋆ Die Koningsweg ........ 1
- ⋆ Skrifoordenking: Die gat in die muur ........ 3
- ⋆ Die plig van die staat ........ 4
- ⋆ Die geskiedenis van die kategismuspreek ........ 7
- ⋆ Ons katolieke roeping ........ 10
- ⋆ Gereformeerde Persvereniging Veritas ........ 12

## Pragmaties meedoen?

'n Tweede groep, die pragmatiste, pak die huidige problematiek meer prakties aan. Hier is die uitgangspunt: "Ons het dit nou wel nie gevra nie, maar ons het nou maar eenmaal die situasie, en ons moet die beste van 'n slegte saak maak. Dit wat vir die huidige werk, dit doen ons, ten einde ons eie doelstellings te bereik." Die spel word gespeel volgens die nuwe reëls, terwyl daar gepoog word om so min as moontlik breë beginsels prys te gee. Alhoewel dié groep reg is om moue op te rol en iets aan die sake te probeer doen, is daar die gevaar dat vanuit die gegewe situasie gedink word, en dat beginsels al meer tweede viool speel. Al wat tel, is die vraag: Wat sal werk in die situasie tans? met 'n vae beginsel as riglyn.

Die grootste beswaar teen hierdie groep is dat hulle in die kern eintlik reaksionêr is. Selde word daar selfstandig uit die Woord opgetree. Daar word gewag tot 'n situasie opduik, en dan word alles prakties haalbaar gedoen dat die skip nie op die rotse loop nie. Die gegewe situasie is dat omtrent alle besluite deesdae gemeet word aan die eis van menseregte. Met wisselende mate van entoesiasme word hierdie "gegewe" pragmaties gebruik om een of ander saak te bevestig.

Ongemerk word die gesagsvraag subtiel verskuif. Wanneer mens pragmaties menseregte (mis)gebruik om sekere beginsels te beskerm, het die klem egter verskuif vanaf Christus, wat alle gesag het (Kol.1:16-17), na die mensdom, wat reg sou hê om versoeke toe te staan, of nie. Om 'n voorbeeld te noem: sekere mense wat ten regte teen aborsie gekant is, gebruik die menseregte-handves om die sogenaamde regte van ongebore kinders te beskerm. Dit is die bekende "pro-life" uitgangspunt. Alhoewel dié siening naby aan die Bybel kom, en alhoewel baie opregte christene die argument gebruik, is dit nie Skriftuurlik nie. Die klem het ongelowig verskuif vanaf Christus na die mensdom. 'n Ongebore kind mag nie geaborteer (vermoor) word nie - omdat God so sê, omdat Christus die Lewe is. Dis iets anders as om te sê die kind (mensdom) het in homself 'n reg op lewe.

Ten spyte daarvan dat die groepe goeie bedoelings het en selfs Skrifwaarhede wil beskerm, gaan hierdie uitgangspunt mank aan innoverende beginseldenke en die uitvoering daarvan. Albei die groepe is eintlik dieselfde, omdat die gesag van die Koning, Jesus Christus, op verskillende maniere ontken word.

## Die Koningsweg

Die derde weg, die Koningsweg, is die geroepe uitweg. Die koningkryksweg beteken nie om die Bybel in te span vir sekere doelwitte nie. Dit is om onvoorwaardelik te buig voor die Skrif, wat die einde van alle teëspraak is. Die Koningsweg is om die direkte koningskap van Jesus Christus oor sy skepping te bely en te beleef. Dit is gereformeerd. Die nuwe Suid-Afrika het 'n dringende nood aan gereformeerde denke, en meer nog, 'n gereformeerde leefwyse.

Gereformeerd leef is nie 'n soeke na iets in die verlede, 'n nostalgiese terugkeer na die goeie ou dae nie. Gereformeerd leef is nie 'n terugtrekking in isolasie nie. Gereformeerd leef is nie wag-en-kyk nie. Gereformeerd leef is nie net om sekere dinge nie te doen nie. Gereformeerd leef is om jou verlossing in Christus te leef. Wat gevra moet word, is: waartoe het die Here Christus my verlos. Hoe lyk die verskillende lewensterreine waarop die verlossing in Christus uitgeleef word? Dit is waar die koningskap van Christus gelowig beantwoord word. As die samelewing gereformeer wil word, soos wat dit hoort, moet die Heer-skappy van Christus opnuut erken word, met woord en daad, deur die Woord en Gees.

Gereformeerd wees is om verbondsmatig jou roepingsverantwoordelikheid voor God na te kom op alle lewensterreine. Daar moet 'n bewustheid kom van die gawes van die Gees en 'n ernstige erkentlikheid van die roeping voor God. Wat wil God met die nuwe Suid-Afrika doen? Gelowiges moet daaraan diensbaar wees. Dit is gereformeerd. Gereformeerdes moet die leiers in die samelewing word. Daar moet weer dinamiek kom. Daar moet helderheid kom oor wat gereformeerd-leef is. Die samelewing moet by die Woord van God aangepas word. Die koningskap van Jesus Christus moet verkondig en uitgeleef word. Dis ons enigste lojaliteit. Ons moet anders begin doen. Ons moet ons daarop instel om as leiers in die samelewing roepingsbewus te leef.

Daar is nog baie onbeantwoorde vrae, omdat daar te min biddend gedink word. Te veel word verwag dat ander (deskundiges) dit moet beantwoord. Dis ongereformeerd. God regeer deur sy Woord en Gees. Elke gelowige moet vanuit die Woord leef. Die samelewing moet hervorm word na die Woord van God onder leiding van die Gees. Gereformeerde lewe sal terugkeer as ons weer gereformeerd dink. En dit is nie 'n stel reëls nie. Dit is 'n leefwyse onder die bestuur van God.

A.L.A. Buys

★★★★★

## Skrifoordenking:

## DIE GAT IN DIE MUUR

Ds. P.J. Venter

Jos. 6:26 "Vervloek is die man voor die aangesig van die Here wat sal opstaan om hierdie stad Jerigo op te bou: ten koste van sy eersgeborene sal hy sy fondamente lê, en ten koste van sy jongste sal hy sy poorte insit."

### Los die mure

Jerigo was 'n oop stad. Die Here het beveel dat die stad so moet wees. Die opdrag in Josua 6 is duidelik - lós die mure. Die mure is met 'n wonder gebreek. Die wonder moet in die puinhope behoue bly. Die Here het nie bedoel dat die stad Jerigo, ook genoem die Palmstad, nie weer bewoon mag word nie. Aan die stam Benjamin is die stad as woonplek gegee (Jos. 18:21). Die Here het nie inwoners in die stad verbied nie, maar daardie poort, daardie gat in die muur mag hulle nie regmaak nie. Die vestingwalle mag nie weer opgerig word nie. Daar moes 'n gat in die muur bly, en dit het Jerigo 'n oop stad gemaak, terwyl Jerigo op 'n strategiese plek lê tussen Jerusalem en die Jordaan.

### Vloekteken

'n Dubbele sware vloek het gerus op die een wat sy mure wil opbou. Die puinhoop moes Israel herinner aan wat daar gebeur het. So was die gebreekte muur ook 'n vloekteken, elkeen wat daarna kyk moes weet dat daar nog eendag die finale vloek, die finale oordeel sal plaasvind. Die stad kan aan die binnekant maar hoe mooi wees, voorspoedig, vol welvaart wees, maar dit is van verbygaande aard. Die gat in die muur vertel van 'n ander werklikheid. God waarsku Israel om nie Sy weë te verlaat nie, om nie deel te vorm van die puinhoop waarvan die gat in die muur 'n teken is nie.

### Veilig voel

Die gat in die muur praat ook van God as Gewer en Bewaarder. Die land Kanaän is 'n gawe van God, en die volk Israel het geen aanspraak daarop nie. So het die Here ook met die inname van Jerigo 'n gawe gemaak. God het gegee dat die mure breek en dat die stad in besit geneem kon word. Die inwoners moes hulle agter die gat in die muur veilig voel omdat God hulle daar sal bewaar. God is by die opening. Al is daar gedurige deurgang in Jerigo vanuit die noorde en die suide, kon Israel agter die opening veilig werk en slaap. Die oop muur word 'n belydenis van die Here se beskermende hand. Ondanks die swakheid is daar die God wat hulle beveilig. Hulle moes vertrou, want hulle het die stad deur geloof beërwe - alles uit genade. Vol van genade, vol van belydenis moes hulle agter die gebreekte muur bly...

### Polisse en versekering

In ons lewens en lewensideale is ons gedurig besig om mure rondom ons te wil opbou. Ons redeneer dat ons bestaan dikwels setel in die mure wat gebou word. Ons gesinsbestaan, ons volksbestaan, my eie bestaan, ons landsbestaan, wil ons met mure beskerm en verseker. Ons onderhandel, ons trek strepe, ons sluit kontrakte, ons koop polisse, ons verseker eiendom, nie dat hiermee op sigself iets verkeerd is nie. Maar is dit nie 'n aanduiding van watter mure ons so graag om ons wil bou nie?

## Sal ons klaarkom ?

Ons leef asof ons bestaan ten volle afhanklik is van die sekuriteit van geld, aansien en demokrasie. Die vraag is: As die Jerigo binne-in nou skielik sonder sy mure moet klaarkom, sal ons nog klaarkom? Sien u God raak as die gat in u lewensmuur skielik verskyn, en die opening nie 'n poging tot herstel bied nie? Ons moet juis deur daardie gat ons kop uitsteek en boontoe kyk, vanwaar ons dan God se werk nog beter kan sien - hoe alles net genade is. Die Here kan ook vir ons sê: die gat in die muur moet juis oopgelos word.

## Verlede nie vergeet

In 1 Konings 16 lees ons dat Agab weer Jerigo wou beveilig, deur die argitek Giël, teen die vyandige Moabiete. Agab het God daarmee geterg en uitgelok. Hy wou 'n militêre buffer, 'n weermagvesting in Jerigo inrig, en het hom nie gesteur aan die vloek van God nie, oor wat sal gebeur as die mure weer opgebou word nie. Die vloek word egter voltrek, want God slaap nie. Giël se eersgebore seun, Abiram, het gesterf toe die fondament gelê word. Giël se jongste kind, Segub, sterf toe die poorte opgetrek word. God breek nie met die verlede nie. Die regte verstaan van die Here se verbond maak 'n breuk met die verlede onmoontlik. Ons aan wie so gepropageer word om die verlede te vergeet, lyk baie keer of ons weens godsdiensvryheid nou ook met die God van die verlede wil breek.

## Christus die fondament

Wie met die ware God wil breek, sal gebreek word. Al is dit 'n hele land, dit sal breek. Agab herbou die muur, maar dan sien hy nie meer vir God nie. Hy weet nie dat God hulle bewaar nie. Die Bewaarder sluimer of slaap nie, want daar is 'n ander muur gebou. God het ook 'n fondament gelê vir die ander muur. Die fondament waarop Jerigo moes wag, is die fondament wat God sou lê. Die fondament is klaar gelê - Jesus Christus (1 Kor.3:11). Hy is die enigste fondament waarop gebou kan word. Die dwase poorte van Jerigo eindig in die wysheid van Golgota.

## Vrye toegang

Dit is 'n wyse manier waarop God sy kinders verlos het. Jerigo, wat nie 'n heel muur het nie, wat nie 'n fondament het nie, vra vir Golgota. Jerigo soek die fondament in Jesus Christus. Eers op Golgota sou die fondament herstel word. Golgota is nou die gat in die muur waardeur ons na God kan beweeg. Hemelvaart sê ook vir ons dat God 'n gat in die hemelse muur geslaan het. Christus het opgevaar, Hy het die weg gebaan. Ons het vrye toegang tot God - daar is 'n opening. Ons mag direk tot God praat, en met ons voete in Jesus, ons fondament, staan. Op Hom moet ons bou.

★★★★★

# DIE PLIG VAN DIE STAAT

## Prof. A.W.G. Raath

Daar het die afgelope tyd opnuut vrae ontstaan oor wat die plig van owerheidspersoon en onderdaan is. Die vrae wentel veral rondom die interpretasie van N.G.B. 36, en dan veral die woorde om die afgodery uit te roei en om die ryk van die antichris te gronde te rig. "Waarheid en Dwaling" plaas die artikel van prof. A.W.G. Raath: "'n Beoordeling van die besware teen artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis - belydenisskrifte en kerkordes oor die plig van die staat." (Roeping en Riglyne, Maart 1994).

## Calvinistiese konfessies

In die tydvak van die hervorming het bykans elke Calvinistiese belydenisskrif uitsprake oor die taak van die staatsowerheid bevat. Selfs in nie-calvinistiese konfessies is uitsprake vervat oor die staat, byvoorbeeld die Confessio Helvitica prior et posterior; die leerartikels van die Bernse sinode (art.24); artikel 36 van die Anglikaanse Konfessie en die Erlauter-belydenis.

## Eerbied vir die owerheid

Wat die Afrikaanse kerke in Suid-Afrika betref, bevat artikel 28 van die Gereformeerde Kerkorde byvoorbeeld die volgende bepaling: "Soos dit die plig van die owerhede as instelling van God is om aan die kerke en sy ampsdraers hulp en beskerming te bied, so is dit die plig van alle predikante, ouderlinge en diakens om die gehoorsaamheid en eerbied wat aan die owerheid verskuldig is, getrou en ywerig by die gemeente in te skerp, en hulle moet trag om in die vrees van die Here, die guns van die owerheid jeens die kerke op te wek en te behou in belang van die kerke. Dit is ook die plig van die kerklike vergaderings om korrespondensie met die owerheid te onderhou om die nodige medewerking van die owerheid te verkry en in voorkomende gevalle as kerk van Christus voor die owerheid te getuig".

## Onderwerp en gehoorsaam

In die kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk bepaal artikel XXIV: "Dit is die plig van die owerheid om wet en orde te handhaaf en reg en geregtigheid vir sy onderdane te verseker sodat die kerk sy dienswerk rustig kan verrig. Dit is die taak van die kerk om voorbidding vir die owerheid te doen en almal aan te moedig om hulle aan die owerheid te onderwerp, eer en eerbied aan die owerheid te betoon en aan hom gehoorsaam te wees in alles wat nie in stryd met die Woord van God is nie"

## God het owerhede verorden

Beide hierdie bepalings vind aansluiting by en moet beoordeel word teen die agtergrond van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Die eerste deel hiervan lui, vry vertaal, soos volg: "Ons glo dat onse goeie God konings, vorste en owerhede verorden het, vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, omdat dit sy wil is dat die wêreld geregeer moet word deur wette en regerings, sodat losbandigheid van die mense bedwing kan word en alles met goeie orde onder die mense kan geskied. Vir dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die vromes te beskerm".

Hierdie amp is nie alleen om ag te gee en te waak oor die burgerlike regering nie, maar ook die hand te hou aan die heilige kerkdiens: *om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens* en om die ryk van die antichris ten gronde te rig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder en die Woord van die evangelie oral te laat preek (eie kursivering).

## Gewraakte sinsnedes

Vanaf die vroegste tye moes artikel 36 deur die hervormde vaders verdedig word. Dit was veral die taak van die owerheid met betrekking tot "die afgodery en valse godsdiens" wat deur manne soos Theodore Beza, F.A. Merck, Maresius, Voetius en Turrentius teenoor andersdenkendes verduidelik moes word. Die eerste beweging uit die gereformeerde kringe teen artikel 36 het vanaf ongeveer 1870 na vore gekom toe dr. Abraham Kuyper en sy volgelinge hulle teen aspekte van die artikel uitgespreek het. Op die Gereformeerde Sinode van Utrecht van 1905 is Kuyper se besware deels gehandhaaf toe bepaalde gewraakte sinsnedes uit die artikel verwyder is.

## Vier besware

*(1) Ander inhoud*

Sedertdien het besware van gereformeerde kant nie uitgebly nie. Die besware oor die artikel kan in vier groepe verdeel word. Die eerste beswaar is dat die artikel onderskryf kan word, terwyl 'n ander betekenis aan die inhoud daarvan gegee word as wat gangbaar daaronder verstaan word. Hierdie is die sogenaamde *reservatio mentalis*-benadering ingevolge waarvan mense belydenis doen van iets, terwyl hulle stilswyend 'n ander betekenis daaraan gee as wat die aanhoorders verwag, met die doel om laasgenoemde te mislei. Op hierdie wyse probeer die verklaarders 'n aanklag van meineed vry te spring. Tereg het dr. W. Geesink daarop gewys dat sodanige handelswyse ongeoorloof en niks anders as meineed is nie. Hierdeur word die inhoud van die artikel onderskryf, sonder om die inhoud te glo. Hierdie standpunt is niks anders

as leuenagtigheid nie, en moet op grond van die hervormde etiek verwerp word.

## Evolusionistiese tydsgees

'n Ander benadering wat naby aan dié van die *reservatio mentalis* lê, is dié ingevolge waarvan die artikel onderskryf word, maar 'n eie uitleg daaraan gegee word in die lig van die tyd, die heersende beskouings en omstandighede waaronder ons leef. Dit kom prakties daarop neer dat die artikel nie onderskryf word nie, maar soos die tydsgees bepaal. Tereg wys dr. A. Kuyper self daarop dat so 'n redenasie die artikel evolusionisties uitlê en 'n betekenis daaraan verleen wat van die beginsels en denkwyses van die hervormde vaders verwyderd staan. Dit beteken dus dat die kerk 'n belydenis kan hê wat deur elkeen volgens sy subjektiewe insigte uitgelê kan word. Hierdeur word die belydenis kragteloos gemaak en die historiese betekenis van die belydenis negeer.

### *(2) Skrap artikel*

Die tweede beswaar behels dat die hele artikel geskrap moet word. Onder invloed van die liberalisme met sy absolute skeiding tussen kerk en staat, geloof en lewe, genade en natuur, is artikel 36 in vrysinnige teologiese kringe as 'n hindernis gesien wat in die geheel geskrap moet word. Omdat godsdiens 'n "private aangeleentheid" is, behoort 36 geskrap te word omdat dit op 'n terrein lê waar dit nie tuishoort nie.

### *(3) "...om afgodery uit te roei..."*

Derdens is daar die benadering om dié deel van die artikel te skrap waarteen beswaar gemaak word. Hier gaan dit spesifiek oor die sinsnede "om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die antichris te gronde te rig", wat by wyse van 'n gravamen by die Nederlandse Gereformeerde Sinode van 1905 ingedien is deur dr. A. Kuyper en 'n paar ander gereformeerde predikante.

## Godloënaars met die dood strafbaar?

Die agtergrond hiervan was die volgende: Die gravamen oor artikel 36 het ontstaan na aanleiding van 'n diskussie tussen AF de Savornin Lohman en Houten oor die verhouding tussen kerk en staat, waarin De Savornin Lohman verklaar het dat hy artikel 36 verwerp. Die vraag het ontstaan wat Kuyper sou doen, aangesien hy dieselfde opinie gehuldig het. Dit was bekend dat Kuyper vanaf 1874 in verskeie artikels 'n deel van artikel 36 verwerp het.

Na aanleiding hiervan het 'n heftige debat oor die voortbestaan van artikel 36 ontstaan. In 'n artikel in De Heraut van 1883 stel Kuyper die vraag of christene sou toesien dat die koning, en alle moderniste om die lewe gebring moet word. In sy antwoord het S. van Velzen van Kampen in dieselfde jaar die oortuiging gehandhaaf dat oortredinge van die eerste tafel van die wet ewe strafbaar is as die teen die tweede tafel. In die volgende jaar verklaar S. van Velzen dat die verwerping van die genoemde sinsnede in artikel 36 in stryd is met die Calvinisme, en in 1674 reeds deur Voetius as ongereformeerd uitgewys is.

## Onhoudbaar

Op die Sinode van Middelburg in 1896 is 'n gravamen ingedien deur A. Kuyper en sewe andere. Die generale Sinode van die Gereformeerde Kerke wat in 1902 te Arnhem gehou is, het aan prof. H. Bavinck, prof. H.H. Kuyper en andere opgedra om die volgende sinode met advies te dien oor die gravamen. Die advies van die deputate het die volgende behels: Met betrekking tot die sinsnede "om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens" word verklaar dat die sinsnede verwerp moet word omdat:
(a) dit histories onhoudbaar is dat die beoefenaars van alle afgodery tereggestel moet word;
(b) dit Ou testamenties is en in stryd met die nuwe bedeling waaronder ons lewe;
(c) dit 'n uitvloeisel is van die Bizantinisme en met twee gereformeerde beginsels in stryd is, naamlik die vryheid van die gewete en die outonomie van die kerk;
(d) Gereformeerde Kerke dit elders gewysig het;
(e) die verandering van insig omtrent wat God in sy Woord aangaande die roeping

van die owerheid sê, te erken is as die leiding van die Heilige Gees.

Tyd nie ryp

Die gevolgtrekkings oor die verslag van die kommissie deur die Sinode benoem, het in drie groepe uiteengeloop: die eerste groep behels dat die tyd vir 'n positiewe wysiging van die artikel nog nie ryp was nie, en besware teen die blote skrapping van 'n deel van die belydenis.

Gewetensbesware

Die tweede groep beveel aan dat die beswaardes se gewetensbeswaar tegemoet gekom moet word, en alhoewel die owerheid 'n taak het ten opsigte van valse godsdiens, die betrokke sinsnede uit artikel 36 geskrap moet word.

Nie juiste uitdrukking

Die derde groep was van oordeel dat die bestaande formulering nie volkome juis was nie, dat die owerheid beslis 'n roeping het teenoor afgodery en dat die betrokke sinsnede nie 'n juiste uitdrukking van die Gereformeerde Kerke se geloofstandpunte is nie.
Die gevolg was dat die Sinode besluit het om die betrokke woorde uit artikel 36 te skrap.

*(4) Ander kerke wysig dit*

Vierdens is daar die standpunt dat Gereformeerde Kerke elders die artikel gewysig het, met verwysing na die Congregationalists, Presbyterian Church of America, Associated Reformed Church, United Presbyterial Church en die Amerikaanse Episkopale Kerk.

Die volgende aflewering sal handel oor Calvyn se standpunt oor die taak van die owerheid.

★★★★★

## DIE GESKIEDENIS VAN DIE KATEGISMUSPREEK

**Dr. R.H. Bremmer. (Medewerker vanuit Enschede - Nederland)**

### Frederik die Vrome

Is dit nie vreemd dat ons hier in Nederland vir die middagpreek nod steeds die Heidelbergse Kategismus gebruik nie? Daar sit egter 'n boeiende stukkie reformasiegeskiedenis daaragter. Heidelberg was in die sestiende eeu die hoofstad van die Paltz, 'n gebied aan die Middel-Rijn. In 1559 het die keurvors Frederik III daar aan bewind gekom en hy staan nie verniet in die geskiedenis bekend as Frederik die Vrome nie. Sy voorganger, Ottheinrich, het die Lutherse reformasie in die Paltz ingevoer, maar Frederik het deur 'n studie van die Heilige Skrif tot die oortuiging gekom dat die gereformeerde godsdiens, veral op die punt van die nagmaal, die egte een was.

### Gereformeerde sentrum

In Heidelberg bestaan daar vanaf die middeleeue al 'n beroemde universiteit. Onder Ottheinrich het die teologiese fakulteit protestants geword in die gees van die Lutherse reformasie. Frederik het dit omgeskakel in 'n gereformeerde fakulteit. Hy laat beroemde teoloë soos Ursinus, Olevianus, Pareüs, Zanchius en andere na die universiteit kom. Daardeur het Heidelberg 'n sentrum vir die gereformeerde protestantisme geword in 'n oorwegend Lutherse deel van Duitsland.

Vir 'n tyd lank was dit op dieselfde vlak met stede soos Zürich, Straatsburg, Lausanne en Genève. Frederik III het al sy krag ingegooi by die saak van die calvinistiese reformasie in Europa. Hy bewys gasvryheid aan die Nederlanders wat in groot getalle na sy gebied toe stroom. So ontstaan daar in die Paltz bloeiende vlugtelinggemeentes met eie predikante. Die mees bekende is Petrus Datenus, wat vanaf 1562 tot 1566 leiding gee aan die gemeente in Frankental en in 1570 selfs Frederik se hofprediker word.

## Godsdienstige verwarring

Toe Frederik aan bewind kom, het daar groot godsdienstige verwarring in die Paltz geheers. Ottheinrich was Lutheraan, maar daar was ook 'n gereformeerde stroming. Buitendien was nog baie van sy onderdane as Rooms Katolieke opgevoed. Om 'n einde aan die situasie te maak, besluit Frederik om 'n kategismus te laat opstel vir oud en jonk, wat leiding kon gee aan die geestelike en kerklike lewe. In die somer van 1562 benoem hy dus 'n kommissie van hoogleraars en ander geleerdes met die opdrag om so 'n kategismus op te stel. Die belangrikste figure onder hulle was Zacharias Ursinus en Caspar Olevianus. Hulle het internasionale bekendheid verwerf.

## Hoogleraars as opstellers

Ursinus in 1534 in Breslau gebore, en het 'n tydlank in Wittenberg onder Melanchton gestudeer waarna hy na Switserland gaan. In Lausanne en Genève word hy vriende met sy leermeesters Calvyn, Bullinger en later ook Bucer. In 1561 gaan hy na Heidelberg en promoveer daar as doktor in die teologie, en word in 1562 hoogleraar aan die universiteit daar. Olevianus, gebore in 1536 te Trier, het eers regte in Parys gestudeer en gaan oor na die gereformeerde godsdiens. Ook hy studeer by Calvyn en Beza. In 1560 word hy hoogleraar in Heidelberg, maar in 1562 word hy weer 'n gewone predikant. Ursinus het hom opgevolg as hoogleraar.

## Kommissie-opdrag

Die kommissie wat deur Frederik benoem is, het toe hulle werk begin aan die bedoelde kategismus. As basis vir die werk gebruik hulle twee werkstukke. In die eerste plek die Summa Theologiae van Ursinus, ook genoem die Catechismus maior. Ursinus het ook 'n veel korter kategismus die lig laat sien, die Catechismus minor. Olevianus, wat 'n regte verbondsteoloog was, het 'n stuk oor die genadeverbond voorgelê. Dié stukke het die uitgangspunt gevorm. Die kommissie het ook gebruik gemaak van al die bestaande kategismusse uit die gereformeerde kategetiese tradisie. Die belangrikste daarvan is die kategismus van Calvyn, a Lasco, en dié van die Londense vlugtelinggemeente. (Prof. M.A. Goosen het in die vorige eeu by elke Sondagafdeling van die Heidelbergse Kategismus vergelykbare tekste van ander kategismusse saam gegee).

## Finale teks

Uit wie se hand het die finale teks van die kategismus gekom? Dit is een van die interessantste vraagstukke uit die ontstaansgeskiedenis van die Heidelbergse Kategismus. Omdat later stukke verlore gegaan het, bly die antwoord nie duidelik nie. Een ding is egter seker: Ursinus en Olevianus het nie alleen aan die teks gewerk soos ons dit vandag ken nie. In die voorwoord, uit die pen van Frederik III, skryf hy dat die kategismus gemaak is deur die raad en toedoen van die hele teologiese fakulteit in Heidelberg, ook van alle superintendente en voornemende kerkdienaars. Frederik self het ook daaraan meegewerk.

## Ter perse

In twee beslissende stadiums het die boekie tot stand gekom. Dit is in Desember 1562 op 'n vergadering van die kommissie vasgestel. Vervolgens is dit tydens 13 tot 18 Januarie 1563 onder hande geneem deur 'n vergadering van al die superintendente. Tydens die byeenkoms het die aanwesiges op 17 Januarie die heilige nagmaal gevier. Op Dinsdag 19 Januarie het die keurvors die finale ontwerp onderteken. Daarna is dit na die drukker Johannes Mayer gestuur en die kategismus verskyn in druk in die loop van Februarie daardie jaar. Die laaste datering is 15 November 1563 en verskyn saam met die kerkorde van die Paltz. Dié uitgawe word die textus receptus van die Kategismus: die offisiële en gangbare teks.

## Hoekom die opgang?

Hoe het dit dan gebeur dat die boekie veral in Nederland so 'n opgang gemaak het? Al vanaf die byeenkoms van Wezel in 1568 is die Heidelbergse Kategismus as

behorende tot die belydenisskrifte van die Nederlandse Gereformeerde Kerk gereken. Die skakelpersoon was die vroeër genoemde Petrus Datenus. Hy het dit al in 1563 in Nederlands vertaal. Maar belangriker nog is dat hy in 1566 opnuut 'n Nederlandse vertaling die lig laat sien, in een boek saam met sy psalmberymings en enkele liturgiese formuliere. Die titel daarvan was: Die psalms van Dawid en ander lofsange, uit die Frans vertaal deur Petrum Dathenum, Heydelberghe, Michiel Chiraet, 1566. Hierdie uitgawe word die aanvaarbare Nederlandse teks.

## Middagpreek

Dit was in 1566. In 1571 het die eerste sinode van die Nederlandse Gereformeerde Kerke in Emden bymekaar gekom, en bepaal in artikel 5 van die acta van die sinode, dat die Nederlands sprekende gemeentes die Heidelbergse Kategismus behoort te gebruik. Die volgende sinodes het op dieselfde spoor voortgegaan. Datenus se vertaling was goed ingeburger by die Nederlanders in die vlugteling-gemeentes. Hulle het die Kategismus ook saamgeneem in hulle bagasie na hulle bevryde vaderland. Die boek is vanaf die begin vrylik gebruik, nie alleen as leerboek nie, maar ook as basis vir die leerdiens in die middagpreek. Die nasionale sinode van 's-Gravenhage besluit in artikel 61 van haar acta dat die Kategismus in 'n tydperk van een jaar in die middagpreek uitgelê sou word. Die nasionale sinode van Dordtrecht (1618-1619) het dit bevestig (art. 68 D.K.O.).

## Brief aan Calvyn

By 'n oorsig oor die ontstaansgeskiedenis van die Heidelbergse Kategismus val dit dadelik op dat dit ontstaan het in die sfeer van Calvyn se teologie. Beide Ursinus en Olevianus het in Genève gestudeer en was grondige kenners van Calvyn se teologie. Die sterk verbintenis van Olevianus met Calvyn kom uit in 'n brief wat hy op 3 April 1563 aan Calvyn stuur, saam met twee eksemplare van die Latynse teks van die Kategismus. Dit was geskenke aan hom en Beza. Die brief is ook 'n bewys van hoe 'n belangrike rol Olevianus speel in die totstandkoming van die Kategismus. Hy skryf ook aan Bullinger, aan wie hy enkele eksemplare in Duits en Latyn stuur. Hy praat in die brief van "ons" Kategismus. In 1961 het 'n boek oor die geskiedenis van die Kategismus verskyn waarin Walter Hollweg die aandeel van Olevianus in die Kategismus probeer verklein, maar dit oortuig nie baie nie.

## Uitbreidings

Olevianus se aandeel blyk te meer uit die uitbreiding van die teks, wat in die tweede en derde uitgawe in 1563 aangebring word. In die eerste geval is dit uit wat tans antwoord 36 is, want die nommering is eers later aangebring. By die antwoord word toegevoeg "dat Hy ons Middelaar is".
Maar veel belangriker is dat in die tweede druk die later vraag en antwoord 80 (Sondag 30) ingevoeg word: die bekende vraag en antwoord oor die verskil tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis.

## Weggelaat

In die genoemde brief van Olevianus aan Calvyn, skryf hy dat in die eerste druk van die Kategismus die verskil tussen die nagmaal en die mis weggelaat is (omissa in Latyn), wat ook vertaal kan word met: oor die hoof gesien. Maar, skryf hy, toe hy die vors daarop attent maak, het Frederik gelas dat die punt toegevoeg moes word in die tweede Duitse druk, en opgeneem word in die eerste Latynse teks.

## Vervloekte afgodery

Daarby het dit egter nie gebly nie. In die derde druk word die antwoord op die vraag oor die nagmaal en mis nog skerper. Terwyl die tweede druk praat van die mis as 'n "afgodiese leuen", word in die derde druk die mis 'n "vervloekte afgodery" genoem. In die Latynse uitgawe lui dit: exseranda idolatria. Dit is nie onmoontlik nie dat die bewoording 'n reaksie was op die vervloeking wat uitgespreek is op die Roomse konsilie van Trent in 1562 wat almal vervloek wat nie konformeer met die Roomse siening van die mis.

## Krag

Waarin lê die krag van die boekie, wat ds. Johannes d'Outrein in 1717 die "goue kleinood van die leer van die waarheid" noem? In die eerste plek sekerlik in die bybelse inhoud. Elke vraag en antwoord verwys na 'n hele aantal plekke in die Skrif. In die tweede plek boei die vraag-en-antwoordspel van die leraar met sy leerlinge, wat hulle soms indringend ondervra.

## Heerlike werk

In die derde plek tref ons 'n baie persoonlike element in die onderwys aan. Die "ek" en "ons" daarin lig die gereformeerde dogma uit tot 'n direkte evangelieverkondiging, wat na vierhonderd jaar nog net so aktueel is. Preek oor die Heidelbergse Kategismus is heerlike werk. (Met toestemming geneem uit: 52 Open Vensters.)

★★★★★

# ONS KATOLIEKE ROEPING

## Prof. L. Floor

Hier volg die laaste van die artikel uit "Die hervorming: geen verhuising maar opruiming." IBC. 107.

Aangesien die hervorming dus nie 'n verhuising was nie maar 'n skoonmaak, 'n opruiming van en in die kerk, sodat die kerk weer waarlik Katoliek sou wees met 'n Katolieke belydenis en geroepe tot 'n Katolieke diens, daarom is die herdenking vir ons nog altyd sinvol.

## Eie mense

Ons moet as reformatoriese kerke in Suid-Afrika oppas dat ons nie ons Katolieke karakter gaan verloor nie, dat ons nie stilweg tog besig is met 'n verhuising nie. Dit is so gesellig, so intiem in ons eie kerk met ons eie tradisie, ons eie mense, ons eie manier om kerk te wees, maar dan verloor ons die siening op die katolisiteit van die kerk wat die reformasie ons weer geleer het.

## Dankbaar

Die regte siening op die reformasie sal ons dankbaar en diensbaar maak. Dankbaar vir wat God ons in die hervorming gegee het, maar ook diensbaar aan diè groot roeping wat vanuit die evangelie van Jesus Christus tot ons kom. Reformatoriese christene en reformatoriese kerke is christene en kerke wat die Katolisiteit van die kerk weer raakgesien het, glo en uitlewe.
Hulle glo, hulle weet dat hulle lidmate is van die katolieke kerk wat weer gereformeerd geword het, wat as 'n Katolieke Hervormde kerk uit die stryd met Rome en die Anabaptiste te voorskyn gekom het.

## Wat beteken dit vir ons vandag?

Vier dinge kan hier genoem word:

### *(1) Persoonlike lewe*

In die eerste plek het dit betekenis vir ons persoonlike lewe. Om 'n Katolieke Christen te wees, om lidmaat te wees van die Katolieke kerk wat tot die reformasie gekom het, beteken dat ons staan onder die gesag van Christus. Ons is nie ten behoewe van onsself hier op aarde nie, maar ons het 'n roeping, 'n opdrag, naamlik die roeping van volle lewenstoewyding aan Christus. Dit bring soberheid en tug, dissipline en gehoorsaamheid in ons lewe. Dit was nog altyd die kenmerk van Calviniste. Hulle lewe was sober, daar was offerbereidheid, heiliging en stryd. Groei in die geloof en stryd teen die sonde, 'n soeke om meer em meer onder die heerskappy van Christus te lewe.

### *(2) Kerklike lewe*

In die tweede plek het die erkenning van die Katolisiteit van die Hervorming ook betekenis vir die kerklike lewe. Calvyn was bereid om sewe oseane te deurkruis om kerk en Christene wat van mekaar geskei is, weer te herenig. In verband hiermee is die volheidsgedagte ook baie belangrik. In die Nuwe Testament is die volheid 'n gawe, maar tegelyk ook 'n doel. In Efesiërs 4:10-16 vind ons die samehang tussen volheid as gawe en as opgawe.

## Geheim van ekumenisiteit

Christus gee die volheid. Hy sal alles tot volheid bring (vs. 10). Hy gaan sy mag in altyd wyer kringe tot openbaring bring. Maar tegelyk roep Hy die gemeente op om tot die volheid te groei, om steeds meer gelowig te wees aan sy genadeheerskappy (vs.15). Groei na die volheid bring tegelyk ook groei na die eenheid. (vs.13). Hier lê die geheim, van die ware ekumenisiteit. Die opbou wat die gemeente aan die waarheid van die evangeliese leer vasbind, is die weg tot bewaring en beoefening van die eenheid. Die gesamentlike stryd van die geskeurde kerke om tot ooreenstemming te kom oor die waarheid van die evangeliese leer, sal aan die hereniging van die kerk vooraf moet gaan of daar sal geen sigbare eenheid wees nie.

## Speke van 'n wiel

Wanneer ons as kerke en as Christene van watter kerk ook al net nader aan Christus beweeg, meer deur geloof en liefde kom onder sy genadeheerskappy, dan sal ons ook nader kom aan mekaar. Geloofsgroei en lewensheiliging waardeur ons in liefde die waarheid betrag (Ef. 4:1), bind ons nouer aan mekaar. Dis soos met die speke van 'n wiel. Hoe nader die speke aan die as kom, hoe nader is hulle aan mekaar. Eenheid ook tussen kerke van reformatoriese belydenis wat van mekaar vervreem is, kan ons nie organiseer nie. Dit moet groei en dit sal ook groei vanuit 'n dieper belewing van die gemeenskap met Christus.

### *(3) Maatskaplike lewe*

In die derde plek het die besef dat ons as kerk van die reformasie nie verhuis het nie maar dat daar 'n skoonmaak plaasgevind het, ook betekenis vir die maatskaplike en sosiale lewe. Ook hier vind ons by Calvyn en in die Calviniste allerlei voorbeelde hoe huwelik, gesin, arbeid, ontspanning, onderwys, opvoeding en wetenskap nie aan die magsgebied van Christus onttrek mag word nie.

### *(4) Staatkundige lewe*

In die vierde plek het dit ook betekenis vir die staatkundige lewe. Dit sal ook ons politiek beïnvloed. Teenoor die rewolusie stel ons die evangelie. Die nasionale word deur die christelike beïnvloed. In ons volkereverhoudinge, in die beoefening van détente, in die kontakte met Afrika gaan ons uit van die belydenis dat Christus Koning is en dat ons geroepe is om sy dienaars te wees.

Soos wat Calvyn sy Bybelkommentare aan vorste in Europa opgedra het om hulle die Woord van God te verkondig, so kom ons ook as reformatoriese kerke in ons profetiese roeping met die Woord van God tot die volk en tot ons owerhede en staatsmanne. Calvyn het dit raakgesien: nie alleen ons persoonlike lewe en nie alleen die kerk moet skoongemaak word nie, maar ook die wêreld.

## Skoonmaakbeurt

Die wêreld het ook 'n skoonmaakbeurt nodig, want dis God se wêreld waaroor Christus alle gesag ontvang het. Calvyn het egter geweet van die onvolkomenheid in die heiliging van die lewe en in die kerk. Hy het diep besef dat ons in die wêreld anti-Christelike magte ontmoet wat ons heftig sal bestry. Daarom was daar by Calvyn ook die verlange na die wederkoms, die verwagting dat Christus as Koning gaan terugkom. Elke reformatoriese Christen wat weet dat hy staan onder die genadeheerskappy van Jesus Christus en wat die stryd van die sonde in hom en rondom hom ken, sien uit na die wederkoms van Christus, die verwagting wat so treffend is: Daarom verwag ons die groot dag met 'n groot verlange om ten volle te geniet die beloftes van God in Jesus Christus onse Here. (N.G.B. 36).

★★★★★

# Grondslae

*van*

## Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

*★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

*★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

*★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..............................................................

Adres: ..............................................................

..............................................................

..............................................................

Poskode: ..............................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie: ..............................................................

Datum: .............................. Handtekening: ..............................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01343 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS